OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG VAN SUIDWES-AFRIKA. PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Thursday, 8th March, 1962. WINDHOEK Donderdag, 8 Maart 1962. No. 2383

The following Draft Ordinance, which will be introduced during the next Session of the Legislative Assembly, is published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Ontwerpordonnansie, wat gedurende die volgende Sessie van die Wetgewende Vergadering ingedien sal word, word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

CONTENTS

DRAFT ORDINANCE:—

Licences Consolidation Amendment Draft Ordinance, 1962 . . . . . .

INHOUD *Page/Bladsy*

ONTWERPORDONNANSIE:—

Wysigingsontwerpordonnansie op die Konsolidering van Lisensies 1962 250

DRAFT ORDINANCE

To amend the Law relating to the Licensing of Trades and Occupations within the Territory.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression "the principal ordinance" means the Licences Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance 13 of 1935), as amended from time to time.

2. Section *four* of the principal ordinance is hereby amended by the addition of the following sub-section:—

"(4) Notwithstanding the provisions of subsection (1) and in respect of the year 1962 only, the liability for the licence duty payable under item 5 of Part 1 of the First Schedule to this Ordinance shall, in respect of each branch duly licensed under the provisions of the Banks Proclamation, 1930 (Proclamation 29 of 1930), as amended, be deemed to have commenced on the first day of April, 1962, and the licence duty so payable shall be three quarters (¾) of the appropriate duty as prescribed under the said item of Part 1 of the said First Schedule."

3. Part 1 of the First Schedule to the principal ordinance is hereby amended by the insertion of the following item after item 4:—

„Item 5.

Banker or Banking Institution: in respect of each Branch R40-00.

This licence shall be required by every person, firm or company using in its description or title "bank" or "banker" or "banking" and every person, firm or company receiving or accepting deposits of money subject to withdrawal by cheque, draft or order."

4. Item 4 of Part 2 of the First Schedule to the principal ordinance is hereby amended by the deletion of the second proviso to paragraph (3) thereof.

5. This Ordinance shall be called the Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1962, and sections *two* and *three* hereof shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1962.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Wet op Lisensieverlening aan die Handel en Bedrywe binne die Gebied.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie ordonnansie beteken die uitdrukking „die hoofordonnansie" die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie 13 van 1935) soos van tyd tot tyd gewysig.

2. Artikel *vier* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die byvoeging van die onderstaande subartikel:—

„(4) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1) en net ten opsigte van die jaar 1962 word daar aangeneem dat die aanspreeklikheid vir die lisensiereg wat ingevolge item 5 van deel 1 van die eerste bylae van hierdie ordonnansie betaalbaar is ten opsigte van elke tak wat behoorlik ingevolge die bepalings van die Bankeproklamasie 1930 (Proklamasie 29 van 1930), soos gewysig, gelisensieer is, ontstaan het op die eerste dag van April 1962 en die lisensiereg wat aldus betaalbaar is, is driekwart (¾) van die toepaslike reg soos voorgeskryf by die genoemde item van deel 1 van die eerste bylae."

3. Deel 1 van die eerste bylae van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging van die onderstaande item na item 4:—

„Item 5.

Bankier of bankinstelling: ten opsigte van elke tak R40-00.

Hierdie lisensie word benodig deur elke persoon, firma of maatskappy wat in sy beskrywing of titel „bank" of „bankier" of „bankwese" gebruik en deur elke persoon, firma of maatskappy wat deposito's van geld onderhewig aan terugtrekking by wyse van tjek, wissel of order ontvang of aanneem."

4. Item 4 van deel 2 van die eerste bylae van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die skrapping van die tweede voorbehoudsbepaling by paragraaf (3) daarvan.

5. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Konsolidering van Lisensies 1962 en artikels *twee* en *drie* hiervan word beskou as in werking van die eerste dag van Januarie 1962.